Hear Us- Sana King

We stand in front of men, yet they do not see us

Even though their eyes are wide open

When we scream for help, their ears fall off

They cannot hear us

The absence of their consciousness is what fuels their rage without limit

We become a battle ground where they fight their demons

Our souls have become a ring where they wrestle for power,

They would do anything to win, even when it means separating our souls from our flesh

They are not in touch with their own souls, so they do not want ours to exist

They do not love themselves, so they are against love and anyone who loves themselves

Both men and us were born with some power,

But their greed drove them to take ours to make theirs a superpower, leaving us powerless

We stand in front of men; they do not see us with their eyes wide open

We scream for help, but our noise is too loud,

their ears fall off they cannot hear us

The absence of their consciousness is what controls their rage

We become a battle ground where they fight their demons

We have become their demons too, our existence has turned into sin

Their abuse has become the holy water they use to wipe us off

A woman is not your training wheel,

Her throat is not where you practise how to slaughter a goat

A woman is not a bridge you cross to prove your manhood

For god sake, the blood of women shed is crying for them

Hear us

Prometheus is my pa se naam

Nou dat ek die outobiografieë klaar gelees't ma van jou geskiedenis
nou dat slapende honde wakker skrik van die *ceremic hondjies* wat *kroes*
bars in die oond van te veel lugborrels in't; is die sleutels van die museums
ewe skielik weg, die registers van die koloniale oorsee gebottel,
geraamtes in kaste wat jy kan om blaai van al ma se aanvangdae
en die wysvinger knetter van die moeilikheid.

Sien ek hoe ma in die aande eina-eina van veerpenne uit die sye uithaal
die tampon vol ink uithaal en in die drom brand met jou hare, net ingeval
iemand jou toor. Ma sit deesdae oopbybelblaadjies en twakpille swai,
o stroomop geliefde ma jy's nóg stroomop nóg bedonnerd

Sien hoe jy die mengmis omskoffel en jy's klaar met die proteas
van die kaap af,hulle wil nie hier groei nie, al maak jy wat
hulle vrek, hulle wil net hardkoppig teen kranse, daar houtblomme word
en veldbrande hulle veras sê jy's klaar met inheemse blomme

Sien die sponstong van my haal die slimmense aan
ek word al die dinge wat ek skrywe mengels, radbraak
ek word aangehaal, ingelê, uitgehaal, ingelê,
they don't build schools anymore Peter Tosh
my oerbrein praat en ek stuur 'n e-pos maak'tie
sintaksis op 'n werksdag nie, hoe kan jy daar dig
hier die spraakkuns se eer in jou studiegids onhandig
wie is jou Shakespeare to your Sir Francis Bacon…
Die swaai van een klank, bollamakies van elke bagatelle
die albatros ma sou ek al die albatrosse kon afhaal
die goree van jou nek afhaal, wat nie sonder roes
kan ek die vuur halsnoere van jou nek afhaal, al'lie apartheidsweë
van good neighbourlyness uitvee. Wat sal van jou oorklink?
Wat is huis sonder 'n moeder wat sou die taal wees sonder oorlog?

Sou ek jou rug vir jou afwas om die melkbosboom wat sweepsel
teken van al die skuld kan ontsmet en 'n famous actress het vir my gesê
guilt is not a feeling it is a social construct, *taal is not an organ it is a social construct*
die alwyne tap nie meer nie die vetplante ly honger van die droogte want die reën kom in die somer vir Johannesburg en ma 't baie foto's in die album veral die een in die arms wat hardloop van 'n suster in skoolkleure en haar broer wat moet Hektor staan vir die kinders that are seen and not heard in 1976 en die bullet is die klank wat jy maak vir die kinders in Sharpeville, Soweto, Modderdam road,'n bullet 'n dag Mayibuye
die trigger as jy praat en die *taalles* van die bord afskryf, *sê sjibbolet* ma

die tale het baie plek vir jou in die flaai-, tsotsi-, scamto-,
Afrikaanse illegal aliens verdrink nog undocumented
ondergronds as ’n mynkind tot by tien kan tel is hy lucky
want die mooie sandheuwels is gif ma en een aangesteekte
metjiestokkie sê *Jozi Gold* en Egoli is Chernobyl die ballerina
wat dans gif dans met die haarwrong op die kop

het jy geweet jy is besig dood te gaan sê die koerante
jy word afgedank, ingesê en word minder
Die domino effek van demokrasie val om
bars uit sy nate in weergawes van Griekse stelsel
in Afrika wat maak dit nog hier en jy’t ons alles geleer mos ma
handjies vou buig jou kop dankie vader vir ons voedsel…
jy kan mos alles dra met die blinddoek op met staal op die wip plank

Ek loop deur Brixton se gentrified strate
Jakarandas wat die digkuns vol lê
het jy geweet Langenhoven wat sal
word van die blou van ons se hemel?
Digter ons hand se naam is Prometheus…

In die oggende as my hond so snuf die stront
van ander honde en terug WhatsApp pis
sien ek mense dwaal in die mensgemaakte botaniese tuin
en hulle hande gryp na die lug wat die reën inhou en hulle koppe vra
genade en ek verstaan hulle nie die tale wat hulle praat die Afrikaanse tale
af in Collins straat waar dit nog ruik na gisteraand se lockdown
staan eve op die hoek haweloos met ‘n ontwerpersrok van moerkoffiesak
die bloos in die wange van houtskool, die skoene van egte leer
haar hak wat uitsteek en sy stink na reukwater en sy’t nie geld
vir rekonsiliasie of ‘n terapeut nie 'n oorskietplukker loop sy verby 20c'e
in die straat. Die opgetooide *o stroomop geliefde sê sjibolet noudat slapende ceremic honde* breek in die smeltkroes en die kanon se bullet in homself afgaan

sê net vir my waar, waar is my pa? Wanner hy die brood en die seep huis toe bring
sê net vir my sonder jou wraakagtige stilte hoe lank
sê net vir my wat is sy naam nou weer- gee vir my die adres, naam, van,
geboorte datum en ID, laat ek hom kan Google
dit is deesdae so maklik om iemand te krymet 5G

Jou pa se naam is Prometheus
Die son sit bo op ons
Jy ken jou pa hy is ’n drinker
Let there be peace in the valley en al die stukke van goete

ek kom by binnelandse sake en as ek my naam moet opgee
ek kom by binnelandse sake, lang gestaan in die lyn
jaag hulle my weg ek het nie al die informasie nie, gin ginter
kan so baie ma's het nie dit is nie soos mans nie, een ma kan baie kinders dra
maar baie ma's aan een kind, onmenslik, loop speel
En elke keer dan staan Eve daarbuite ontwerperbergie
Sy lag met haar bordjie wat sê: *Eve was framed...*